



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

1/98

**IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL  
VAN SUID-AFRIKA**

427/97

In die saak tussen:

**LOURENS CHRISTIAAN STEENKAMP**

Appellant

en

**DIE STAAT**

Respondent

**CORAM:** Hefer, Howie *et* Marais ARR

**DATUM VAN VERHOOR:** 26 Februarie 1998

**DATUM VAN UITSPRAAK:** 26 Februarie 1998

---

**UITSPRAAK**

---

**HOWIE AR/...**

HOWIE AR:

Appellant is in 'n Streekhof skuldig bevind aan diefstal van ongeveer R510 000 van Permanent Bank en gevonniss tot 7 jaar gevangenisstraf waarvan 2 jaar voorwaardelik opgeskort is. Op appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling is die straf verminder deurdat die helfte van die vonnis opgeskort is. Met verlof van daardie Hof word tans verder teen die vonnis geappelleer.

Die grondslag waarop die Hof *a quo* verlof toegestaan het, is soos volg in daardie Hof se uitspraak van 7 Februarie 1997 geformuleer:

“Die vraag wat uiteindelik voor die appèlhof sal dien, is of misdade van hierdie aard misdade is waarvoor korrektiewe toesig gelas moet word. Dit is 'n vraag ten opsigte waarvan daar op hierdie stadium nie volkome helderheid bestaan nie, en derhalwe is ek van oordeel dat daar gesê kan word dat daar 'n redelike vooruitsig bestaan dat die appèlhof moontlik wel die appellant in daardie opsig tegemoet mag kom.”

Dit is moeilik om te verstaan hoe daardie vraag kan ontstaan. Klaarblyklik sal

'n hof nooit kan konstateer dat in gevalle van ernstige diefstalle soos die onderhawige korrektiewe toesig gelas moet word of nie gelas moet word nie. Vanselfsprekend sal alles van die omstandighede van elke geval afhang. Trouens, wat in hierdie Hof, soos voor die verhoorhof en die Hof benede, aangevoer is, is dat die onderhawige, op sy eie feite, 'n gepaste geval is vir oplegging van korrektiewe toesig.

Die verhoorhof het in die loop van 'n baie deeglike en wel oorwoë uitspraak, na versigtige ontleding van al die feite en tersaaklike omstandighede, die slotsom bereik dat korrektiewe toesig nie die gepaste straf was nie. Die Hof *a quo* het daardie mening gedeel.

Ek stem wel met albei saam maar afgesien daarvan is die vraag nou in elk geval of daar gronde bestaan om met die oplegging van gedeeltelik opgeskorte gevangenisstraf in te meng. Ek meen van nee. Appellant het laat in 1993 met behulp van 'n eerste verband van Permanent Bank ("die klaer") 'n plaas te Mooinooi, distrik Rustenburg, gekoop. Sy bedoeling was om deur verskeie verbeterings daarop aan te bring besigheid daarop te dryf. Hy het

egter nie self die nodige geld daarvoor gehad nie en het dus die klaer genader om 'n tweede verband toe te staan. Weens die waarde van die plaas is dit geweier. Hy het toe by die Kleinsake Ontwikkelingskorporasie ("die Korporasie") om 'n tweede verband aansoek gedoen. Dit was in ongeveer Februarie - Maart 1994. Tot sy kennis sou afhandeling van die aansoek etlike maande neem. Sonder om vir die uitslag te wag - wat hy wel kon gedoen het - het hy met die verbeterings voortgegaan asook met die dryf van besigheid op die plaas. Afgesien van sy plaasbelang was hy o a bestuurder van die klaer se agentskap op Mooinooi. Om die nodige fondse in die hande te kry het appellant toe op veertig aangeleenthede tussen Maart en Desember 1994 geld gesteel wat onder sy beheer as die klaer se agent was. Dit was sy bedoeling om dit alles terug te betaal maar sy planne het in Desember van daardie jaar misluk toe die klaer om redes wat nie ter sake is nie die agentskap gesluit het. Die tekort te wyte aan sy diefstal is toe ontdek. Sy plaasbesigheid het swak gevaar en was dus geen bron van finansiële hulp nie. Gelukkig vir appellant het die Korporasie op hierdie stadium al 'n tweede verband toegestaan vir

ongeveer R600 000 en was dit bereid om dienooreenkomstig 'n waarborg uit te reik. Op sterkte daarvan het appellant met die klaer onderhandel en sodoende terugbetaling van ongeveer R140 000 bewerkstellig. Sy finansiële posisie het egter versleg en hy het nooit daarin geslaag om die balans van ongeveer R360 000 terug te betaal nie. In Maart 1995 is hy vervolgd en in April het hy sy boedel as insolvent oorgegee. Die klaer is mettertyd deur assuransie vir sy verlies vergoed en het die eis net na die versekeraar oorgeskuif. Tydens die verhoor het appellant aangebied om sy skuld aan die klaer in maandelikse paaiemente te delg. Die fondse hiervoor het hy gehoop om bymekaar te maak uit 'n nuwe besigheid wat sy vrou intussen begin het.

Volgens die getuienis van sy kurator egter, was die vooruitsigte van leningbetaling op die daardie manier alles behalwe belowend.

Die betoog namens appellant steun op geen mistastings nie, slegs op 'n beweerde wesenlike verskil tussen die verminderde vonnis van die Hof *a quo* en die vonnis wat hierdie Hof na bewering sou opgelê het. So 'n verskil bestaan nie.

Dit is wel versagting dat appellant 'n eerste oortreder is en dat hy - soos hy getuig het - berou oor sy optrede het. Maar sy growwe misbruik van sy vertrouensposisie, waardeur hy 'n baie groot bedrag oor 'n wesenlike tydperk vir niks anders as eie gewin gesteel het, weeg soveel swaarder dat oplegging van onopgeskorte gevangenisstraf volkome van pas was.

Daar bestaan geen gronde om in te meng nie en die appèl word gevolglik van die hand gewys.

  
\_\_\_\_\_  
C T HOWIE

HEFER JA)   STEM SAAM  
MARAIS JA)